

BRIEWE

Redakteur Beeld
Posbus 5425
Johannesburg, 2000
e-pos: beeldbrwe@beeld.com

Radio Pta skaad taal met verbod op Laurika

DR. JOSEF DE BEER, Posbus 29125, Sunnyside, skryf:

Ek was verstom toe ek in Beeld lees dat Radio Pretoria besluit het om voortaan nie meer Laurika Rauch se musiek te speel nie. Die besluit spruit uit Laurika se optrede saam met Vusi Mahlasela in *Samekoms/Kopano*.

Ek het bogenoemde vertoning twee keer bygewoon en was elke keer aangedaan oor die gehoor – wit en swart – se meelewing en waardering. Laurika en Vusi is van ons beste kunstenaars en die vertoning was 'n viering van die lewe, hoegenaamd nie 'n politieke *statement* nie.

Laurika het met hierdie vertoning meer vir Afrikaans gedoen as wat menige politikus ooit kan hoop om te doen. Kunstenaars soos sy help om Afrikaans te bevry van die ongelukkige etiket wat om sy nek hang as "taal van die onderdrukker".

Ek wonder of personeellede van Radio Pretoria in die gehoor was toe swart mense in die gehoor heerlik saamsing op Afrikaans. Afrikaans is vir alle Suid-Afrikaners: dit is deel van ons verlede en deel van ons toekoms.

As Laurika en Vusi dan 'n belangrike bydrae tot die bevordering van Afrikaans gelewer het, waarom die Radio Pretoria-verbod? Myns insiens gaan dit hier maar net om politiek en hoegenaamd nie oor kultuur nie.

Is hierdie besluit nie maar gewortel in 'n miskenning en haat vir swart mense nie? Ek wonder of Radio Pretoria besef hoeveel skade hulle Afrikaans aandoen met so 'n verregse standpunt.

Laurika en Vusi, baie geluk met wat julle vermag het. Dankie dat julle versoening in ons land bevorder. As alle Suid-Afrikaners hulle op die sportveld (saam) kan geniet, waarom nie ook in die teater nie?

Weet ook dat dit maar 'n handjievol mense is wat Radio Pretoria se sentimente deel.